

## **Personeelkamer Opening:**

### **65. Die Busbestuurder se seuntjie**

'n Klein seuntjie het op die sygaardjie gestaan en wag vir die bus. Hy was baie geduldig en het rustig gestaan en wag.

'n Man het daar verby geloop en vir hom gesê: "Boetman as jy vir die bus wag sal jy na die volgende straathoek moet gaan. Dis waar die bus sy passasiers oplaai. Jy gaan baie lank hier verniet staan want die bus stop nie hier nie.

Die man het mooi vir die seuntjie probeer verduidelik maar hy het net daar bly staan. Terwyl hy die kind probeer oortuig om aan te beweeg kom die bus om die draai, ry stadiger en stop by die seuntjie sodat hy kan inklim.

Op die onderste trappie draai die seuntjie om en glimlag breed vir die man en sê vir hom: "meneer ek het geweet die bus sal hier stop.... Die busbestuurder is my pappa."

### **Toepassing:**

Wanneer jy 'n verhouding met die Busbestuurder het, het jy nie 'n busstop nodig nie.

As jy jou hart vir die Here gegee het, is jy deel van die Koninklike familie. Dan geniet jy ongelooflike voordele.

Wanneer God die Bestuurder van jou lewens-bus is, sal Hy jou enige plek oplaai as jy moeg is. Hy sal jou aflaai net waar jy wil gaan, jou busgeld is klaar betaal en jou sitplek is altyd beskikbaar.

Dit maak nie saak of jy arm of ryk is, dit maak nie saak of jy 'n man of vrou of kind is nie, dit maak nie saak of jy werk of op pensioen is en of jy blind of gebreklik is nie. Al wat belangrik is, is jou verhouding met die Busbestuurder. As jou verhouding met Hom reg is geniet jy ongelooflike voordele in die lewe.

Sorg dat jou verhouding met Hom reg is en kyk hoe Hy jou paaie gelyk maak. Hoe Hy jou vyande verslaan en hoe Hy vir jou voorsien.